
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419

E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

OMGORD DIE LENDENE VAN JOU VERSTAND

Deut.1:21: "Kyk, die Here jou God het die land aan jou oorgegee, trek op, neem dit in besit soos die Here, die God van jou vaders, jou gesê het, wees nie bevrees en wees nie verskrik nie."

Innerlike genesing vind plaas wanneer ons erken en bely dat ons onsself oopgestel het vir die aanvalle en versoekings van ons vyand, die duiwel, berou het en afstand doen van sonde. Jou aanvalsgebied kan verwerping, vrees, okkultiese betrokkenheid soos fortuinvertellery ens., of haat en onvergifnis wees. Om Satan se greep en vesting in jou lewe te verbreek, is dit nodig om die betrokke sonde, ongeag wat dit is, te erken vir wat dit is en berou daaroor te hê; dan kan jy jou Hemelse Vader, deur gebed vra om jou aan te raak, te genees en die gebied wat deur die betrokke sonde beïnvloed is te herstel. Hy doen dit gewilliglik en met liefde, in die Naam van Jesus en die krag van Sy Heilige Gees. Daarom is dit belangrik om te bely, vergifnis te vra, berou te hê, te verwerp, die houvas van Satan te breek in Jesus se Naam en dan die genesing te ontvang wat van ons Hemelse Vader kom weens Sy genade, barmhartigheid en liefde.

In Deut.1:21 sê die Here: **"Kyk, die Here jou God het die land aan jou oorgegee, trek op, neem dit in besit soos die Here, die God van jou vader, jou gesê het, wees nie bevrees en wees nie verskrik nie!"** Die bevel van die Here is baie duidelik, 'neem dit in besit' en die 'land' wat ons in besit moet neem, is ons gedagtes. Ons gedagte patroon is 'n groot gevegsveld en daar kon nooit ware vrede in ons harte en lewens wees nie, voordat elke gedagte tot gehoorsaamheid aan Jesus Christus gebring word nie.

Mark.12:30: **"en jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele verstand en uit jou hele krag. Dit is die eerste gebod."**

DIE VERSTAND – Die geregs gebied.

Die volgende is maniere wat ons 'land' of gebied in ons lewe aan die vyand oorgee:

1. 'n Verstand wat bedek of verblind is (2 Kor.4:4 & 3:14, Efs. 2:3, Kol.1:21) Met ander woorde, 'n verstand wat steeds in duisternis is, gee aan die vyand 'n plek.
2. Vleeslike of wellustige gedagtes/verstand. Rom.8:6: **"Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede!"** 'n Wêreldse verstand dink vleeslike gedagtes en speel in die vyand se hand.
3. **Ons gee plek aan Satan, deurdat ons toelaat dat leuens en misverstand in ons gedagtes kom.**
4. Deur 'n onaktiewe en passiewe verstand maak ons onsself oop vir die vyand, wees gewaarsku teen hierdie situasie. As 'n persoon nie sy intelligensie wil gebruik nie, sal God dit ook nie gebruik nie, maar bose magte sal 'n oop leë verstand, saam met 'n onaktiewe wil gebruik, want dit is presies wat hulle begeer! Die kenmerk van 'n bose gees is dat sy gedagtes jou altyd van buite bestook en hoofsaaklik deur die verstand inkom. Sulke gedagtes forseer en dryf 'n persoon om onmiddellik of impulsief op te tree, en gaan verder deur sy verstand te verwar en te verlam sodat hy nie meer helder kan dink nie.

Satan se Strategie: MISLEIDING EN ONAKTIWITEIT

Die tekens van misleiding (2 Kor.11:3), kan gewoonlik onderskei word. Een van hulle is 'n fanatiese gees wat deur die vyand daar gestel is. Dit is vol entoesiasme en buitengewone energie,

(Vervolg op bls. 2)

(Vervolg vanaf bls. 1)

maar is onredelik, kortaf en selfversekerd. Dan word die waarheid verdraai, byvoorbeeld:
'Ek het die gedagtes van Christus.' (1 Kor. 2:16)
Die Misleiding: Ek mag glad nie gedagtes van my eie hê nie.
Die Waarheid: 'n Mens het nie outomaties die gedagtes/verstand van Christus nie, tot sy gedagtes vernuwe is, deur die Woord van God, die Bybel, en hy deur die Heilige Gees gelei word. God se Woord moet eers ryklik binne 'n persoon bly voordat gesê kan word 'Hy het die gedagtes van Christus.'
'God praat met my.'
Die Misleiding: Ek word gelei deur die Heilige Gees, en daarom het ek nie my verstand nodig nie.
Die Waarheid: God spreek deur my gees, en my verstand moet in lyn wees met my gees sodat ek kan verstaan wat God sê .

'n Ongebalanseerde waarheid in verhouding met ander waarhede word misleidend. As een waarheid oorbeklemtoon word ten koste van ander waarhede in God se Woord, ontstaan 'n geslote verstand met die gesindheid van 'Ek weet alles daarvan.' Dit lei tot misleiding.
Die duiwel is lief om ons te mislei aangaande onsself en/of God ons Hemelse Vader. 'n Passiewe, onaktiewe verstand vertoon dikwels die volgende simptome: Gedagtes wat met rukke en stote, kom en gaan.
Gedagtes wat om verwerping draai. Bekommernis en vrees. Gedagtes wat veroorsaak dat een dramatiese stellings maak, sonder die nodige oorweging jeens sy omstandighede bv. 'Ek is baie meer geestelik as andere en ek gaan my werk los om deur geloof te gaan lewe.'
Daar is gewoonlik onbeheerbare vlugte, drome, slaaploosheid, vergeetagtigheid, gebrek aan konsentrasie vermoë, kommunikasie en te onvermoë om te redeneer.

VADER GOD SE OPLOSSING

2 Kor.10:3-4: "Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie; want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp."

1. Trek die volle wapenrusting van God aan (Efs. 6)
Helm van verlossing.
Gordel van waarheid.
Swaard van die Gees.
Skild van geloof.
Borswapen van geregtigheid.
Skoene vir die verspreiding van die evangelie van vrede.

2. Misleiding is vervang deur die waarheid: die waarheid maak ons vry, en die waarheid is die Woord van God. Oordink dus gedurig God se Woord.
Stel die bron of wortel van die lyding en probleem vas.
Laat die Woord van God toe om jou begrip te gee.
Weerstaan elke leuen van die duiwel.
Breek met elke leuen en sy invloed.
Laat die waarheid toe om elke gebied van jou lewe te vul.

3. Vernuwing van jou verstand.
Ondersoek die bron of wortel van jou gedagtes.
Bring elke gedagte tot gehoorsaamheid aan God se Woord. (2 Kor.10:5)
Draai jou gedagtes weg van vleeslike dinge. (Rom.8:7)
Selfs 'n gelowige moet sy denke vernuwe. (Rom12:2)
Laat berou sy volle loop neem.

4. Passiwiteit word oorkom deur jou verstand te aktiveer
Neem 'n besluit 'My verstand behoort aan my en ek sal dit gebruik. Ek sal geen mag van buite toelaat om my verstand te beïnvloed, te gebruik of te beheer nie.'
Oefen jou verstand deur die voortou te neem in situasies, moenie altyd vir andere wag om dit te doen nie.
Oefen jou verstand deur te dink, redeneer onthou en verstaan.
Stel vas wat die normale patroon is vir jou welsyn en streef daarna om dit te behaal.

EIENSKAPPE VAN 'N VRY VERSTAND

Gedagtes word onderwerp aan Jesus Christus (2 Kor.10:5)
Gedagtes is in ooreenstemming met jou gees en die Woord van God. (Rom.8:6)
Jou verstand is vry om te konsentreer, in te neem, te onthou, redeneer en verstaan. **Om 'n verstand, wat deur die Woord van God vernuwe is, te hê, is dus om die hoogste potensiaal wat God vir die mens se verstand bepaal het, te bereik.**

DIE DOEL VAN DIE MENS SE GEES.

Die Heilige Gees maak God se wil duidelik aan jou **gees** sodat jy sal weet wat dit is.
Deur jou **verstand** sal jy die betekenis verstaan van dit wat geopenbaar is.
Deur jou **wil** te oefen, gebruik jy jou geestelike gesag of mag. Gees en verstand moet dus saamwerk om die Wil van God ten volle te verstaan.

FEITE AANGAANDE DIE VERSTAND

1. Jy sal altyd na dit strewe, waar jou gedagtes op ingestel is.
a) Die 'kop' kan die vlees en gees van die mens

(Vervolg op Bl. 3)

(Vervolg vanaf bls. 2)
oordink (uitoorlê)
b) Om in ooreenstemming met jou wandel in die gees te wees, moet jou gedagtes op geestelike dinge ingestel wees.
2. Die gees bring lewe en vrede voort, maar die vlees bring die dood voort.
3. Die leiding van God kom altyd deur middel van die gees.
4. Hierdie leiding van God plaas ons altyd in 'n posisie waar ons 'n keuse het.
5. Die verstand moet nie deur die emosies beheer word nie. (2 Tim.1:7)
6. Die verstand moet in 'n nederige toestand gehou word. (Hand.20:19)
7. Jy moet die Woord van God in jou verstand plaas. (Heb.8:10)
8. Die verstand moet nie onafhanklik van jou gees en God se Woord funksioneer nie.
Geestelike groei en die vernuwing van die verstand is definitief aan mekaar verbonde. JY is dus verantwoordelik vir die vernuwing van jou verstand. Die Woord vertel ons in Efs.4:23: **....."dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed."** Dit is 'n bevel van God. Die vernuwing kom as jy die Waarheid van God se Woord toelaat om elke gebied van jou gedagte lewe te vul.

NIE MY WIL, MAAR U WIL GESKIED

God die Skepper se gawe aan jou is jou wil en dit is net joune alleen. God sal nooit Sy wil oor joune laat geld nie, net so min sal Hy jou vyand, die duiwel, toelaat om jou wil te beheer. Elke dag word jou lewe en ewige bestemming bepaal deur jou keuses wat jy maak deur jou wil te gebruik. God maak nie jou keuses vir jou nie. Deur jou wil kies jy tussen goed en kwaad, as dit in lyn kom met God se wil vir jou, sal dit heerlike harmonie tussen jou Skepper en jouself voort bring. Deur jou keuse om jou wil in lyn met God se wil vir jou lewe te bring, met elke besluit en keuse, sal jy die volle plan van God vir jou lewe ken. Sy verskriklike mags vermoë en krag wat elke dag vir jou werk.

1. Ons emosies dui aan hoe ons voel, ons verstand sê wat ons dink en ons wil dui aan wat ons wil hê! Die wil is daardie deel van ons wat ons in staat stel om 'n keuse te maak en God het ons nie net van 'n wil voorsien nie, maar ook aan ons die vermoë gegee om te kies.
2. Ons geestelike lewens begin met 'n keuse, want ons kies om ons aan God se wil en begeerte te onderwerp.

God se wil word dan die doel en eindpunt vir jou lewe in plaas van die eie wil. Berou is om weg te draai van die 'eie ek' van sonde en rebellie en na God te keer deur Jesus Christus. Die geestelike lewe is meer as net emosies en intellek, dit gaan oor jou wil wat in lyn met God se wil kom.

3. 'n Geestelike omhelsing vind plaas wanneer jou wil met God se wil verenig. **Gehoorsaamheid** ontstaan want **ongehoorsaamheid** is om jou eie wil te volg. Jou hart word een met God s'n. Rom.13:14: **"Maar beklee julle met die Here Jesus Christus, en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie."**

4. Die wil is ons sensor wanneer die duiwel ons verstand en emosies aanval met ondervindings en omstandighede uit die verlede. Ons het 'n keuse om na sy leuens te luister en daarop te reageer of om dit te verwerp. As jy nalaat om daadwerklik 'n sekere gedagte te weerstaan wat die duiwel probeer om in jou gedagtes te bring, met die doel om jou te verwoes, laat jy onbewustelik sy leuen toe om sy vuilwerk in jou lewe te doen. Dit is jou wil wat die deur vir hom toemaak. Jy het 'n keuse om nie stil te staan by dit wat hy aanhoudend in jou gedagtes probeer voer en wat nie in lyn is met die Woord van God. Leuens van verwerping, selfbejammering, haat, bitternis, vrees ens. Elke keer wat jy die duiwel deur 'n wils besluit weerstaan, sal God jou besluit bevestig en sal jy geestelik sterker word.

Die grootste gevaar is misleiding wanneer dit by die binding van ons wil kom. As 'n voorbeeld lees ons in 1Thes. 5:18: **"wees in alles dankbaar...."** Dit beteken ***nie*** dat alles wat met ons gebeur God se wil is nie. Wat dit ***wel*** beteken, is dat ongeag my omstandigheid of gebeurtenis, ek sal aanhou om God te prys en dank vir al die goeie dinge in my lewe: Jak.4:7&8 sê: **"Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug. Nader tot God, en Hy sal tot julle nader. Reinig die hande, julle sondaars, en suiwer die harte, julle dubbelhartiges!"**

Nog 'n voorbeeld is Mat.6:10: **"Laat U wil geskied!"** Dit beteken ***nie*** dat jy geen keuse het nie, omdat God se wil in elk geval in jou lewe sal geskied. Wat dit wel beteken is dat jy kies om God se Wil te doen. Dit is 'n aktiewe keuse en nie 'n passiewe toestand nie. God se Wil sal nooit jou aktiewe wil om te kies vervang nie.

Passiwiteit en die noodlot is albei vyande van die gelowige en nie skriftuurlik nie. God kan jou nie gebruik as jy verkies om nie jou eie wil te gebruik nie en 'n besluit te neem volgens Sy Wil vir jou. Baie dikwels trek leuen geeste voordeel uit hierdie toestand van passiwiteit en gebruik dit tot julle voordeel. Onaktiwiteit van die Wil word geïdentifiseer met, onvermoë om omstandighede te hanteer, onvoltooide werk, onvermoë om te konsentreer of leiding te neem.
Dit is moontlik dat jy dalk 'n leuen aangaande

(Vervolg of Bl. 4)

jouself of jou omstandighede ontvang en geglo het en misleiding het ingekruip. 'n Vry wil erken altyd: Ek is dalk mislei en wil in die volle waarheid wandel. Stel vas hoe ver jy die vyand toegelaat het om veld te wen in jou lewe deur die mate van die onaktiwiteit van jou wil. Jou wil moet geaktiveer word en dit is moontlik deur te reageer volgens God se Wil en die opbou van jou geloof. Rom.10:17 vertel ons: **"Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God."** Jy moet God se waarheid vir elke gebied van jou lewe en jou geliefdes s'n ken en dit kan slegs in God se Woord, die Bybel, gevind word. Begin deur besluite te neem en daarby te bly. Soms kan jy 'n verkeerde besluit neem aanvaar egter die verantwoordelikheid.

Ons is in geestelike oorlogvoering betrokke daarom moet ons die bose een weerstaan. (volgens Jak.4:7) Jy en ek moet besit neem van ons verstand en vir Satan geen plek toelaat nie. Moenie vir een oomblik dink dat hy so maklik sal opgee nie en jy mag soms 'n bietjie desperaat voel onder sy hernude aanvalle – maar wees bemoedig deur die wete dat hierdie gewoonlik sy finale pogings is om jou so ver te kry om op en in te gee. Die oorwinning is joune deur die voltooide werk van Jesus op Golgota. Wanneer jou wil weereens in beheer is van jou gees, siel en liggaam – is jy waarlik bevry. (Spr.25:28, 2 Kor. 10:5, 1Kor. 7:27). Die vyand se strategie in die geveg om jou wil is passiwiteit. God se bevel is aksie. Oefen jou wil om te alle tye in lyn met God se Woord en Wil te wees, dit is ware aksie en absoluut noodsaaklik.

GENEES DIE KNEUSPLEKKE VAN SATAN

Joh.10:10 "Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê."
Satan is die dief en vernietiger, en sy doel is om elkeen wat in hierdie wêreld gebore word, op enige moontlike manier te vernietig, gebonde en gevange te hou. Maar ons lees in Luk.4:18 dat Jesus se sending was om diè wat gebroke van hart is te genees en om die gevangenis vry te laat. Jesus het aarde toe gekom as God gemanifesteer as mens om die werke van die vyand te vernietig en Hy is gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde. (Heb.13:8). Onskuldige kinders is dikwels die vyand se prooi en hulle dra hierdie wonde of kneusplekke vir die res van hulle lewens. Hulle is nie vry om die mense te wees wat God vir hulle bedoel het nie. Vrees, onsekerheid, bitterheid en verwerping is bewyse van Satan se werk en hierdie onderdrukking van die vyand sal aanhou totdat dit geopenbaar en daarmee gedeel word in die Naam van Jesus.

Dit is in hierdie dae baie duidelik, dat dit dikwels die kinders van God is. lede van die Liggaam van Christus, wat ly as gevolg van hierdie wonde en kneusplekke van Satan. Kneusplekke veroorsaak skeiding tussen lede van 'n gesin, en tussen lede van Jesus se liggaam, die kerk. Vrees en wantroue bring altyd skeiding en die vyand heers waar daar verdeeldheid is.

Satan se mikpunt en doel is om te kneus en dit is in Gen. 3:15 voorspel. God het met die slang (Satan) gepraat en gesê: "En ek sal vyandskap stel tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt." Jesus self was verbrysel. Jes.53:5: "Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom.

Jes.53:10: "Maar dit het die Here behaag om Hom te verbrysel; Hy het hom krank gemaak; as Sy siel 'n skuldoffer aangebied het, sal Hy 'n nakroos sien; Hy sal die dae verleng, en die welbehae van die Here sal deur Sy hand voorspoedig wees." 'n Intieme vriend het Hom verraai en Hy was bespot (Jes. 53), beskuldig (Matt. 12:24), gehaat en verlaat.

Onskuldige kinders is van Satan se uitgesoekte doelwitte, soms selfs voor geboorte. Vrees kan jou kinders aanval en verwerping kan 'n vastrapplek in 'n jong gemoed kry, sodat die kind as 'n volwassene dit moeilik sal vind om liefde te toon of te ontvang. 'n Kind wat misbruik en mishandel was, sal vol vrees, teruggetrokke of rebels opgroei, kinders van die Here is ook Satan se teikens. Nuwe Gees – vervulde gelowiges is teikens vir agterdog en verwerping en dan word julle diens vir die Here belemmer deur leuens en verdeeldheid. Satan gebruik misverstande, vals aantygings, verwerping en vrees om te breek en te vermink.

Heb.12:1: ".....laat ons ook elke las aflê.... wat ons so maklik omring..... Kneusplekke bind ons aan die een wat die seer toegedien het. Hulle verslaaf ons deur te veroorsaak dat ons bitterheid en onvriendelikheid ontvang en reageer met bitterheid en onvriendelikheid. So hou Satan se plan ons in sy kloue. Prys die Here dat Jesus gekom het om hulle wat gekneus is te genees en vry te maak. Hy maak hulle wie se verstand en gees gebind is vry en genees elke indiwidu se liggaam sowel as Sy Liggaam (Die Kerk) hier op aarde.
Baie kinders van die Here is soos 'n appel wat geval en gekneus het – daar is vir 'n paar dae geen uiterlike teken van skade nie, maar dan verskyn 'n donkerkol wat uiteindelik verrotting bring. Dit is presies soos bitterheid in 'n mens se lewe werk.
Heb.12:15: "Pasop dat niemand in die genade van God veragter nie, dat geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie.

YOUR NEED FOR HEALING

Everyone has need of Inner Healing. It sometimes feels as though Satan keeps records of all our weaknesses and soft spots, our misfortunes, our feelings of rejection and guilt. Satan is the one who enables us to remember word for word an argument in which we were involved. Satan is the one who continually reminds us that we can never forgive that "certain individual" because he has hurt us so much. Satan is a liar!! The Bible says in Matt. 6:14-15: **"For if you forgive men their trespasses, your heavenly Father will also forgive you. But if you do not forgive men their trespasses, neither will your Father forgive your trespasses."**

Complete inner healing can only take place once we have forgiven those who have hurt us. Total inner healing can only occur after we have given our heartaches and misgivings completely to the Lord. Each experience that we have had in our lives thus far, has influenced the formation of our personality and behaviour pattern. Our reactions towards others are based on previous experiences. The basis of our behaviour and reaction in any given situation in later life, is formed in the very first years of our lives.

In Matt. 12:35 we read: **"A good man out of the good treasure of his heart brings forth good things, and an evil man out of the evil treasure brings forth evil things."**

Painful memories and experiences sap us of 50% of our emotional and mental energy.

Some people have a need for inner healing due to a significant hurt or fear. Everyone of us has need of emotional healing to a certain degree. For some it is perhaps a very small thing. Have we not all at some time or another cried out: "Oh, I wish I had never said that!" Naturally we cannot alter the situation now, but our Heavenly Father can, by His Holy Spirit and in the Name of Jesus, remove the feeling of guilt that arises whenever we think of the incident. He does this by giving us forgiveness when we repent of our indiscretion and ask His forgiveness for our behaviour.

There has been a time in each of our lives when we have felt misunderstood. A friend may have betrayed us, a marriage partner might have left us in the lurch. Perhaps a teacher once criticised us unfairly a long time ago.

These are all humiliating experiences which may have left painful memories. We may perhaps need deliverance from fear, which has remained with us since our childhood. There are so many adults with a fear of water or of dogs, heights, lifts etc. As adults we try to rise above these fears and phobias. We feel ashamed of ourselves for having these fears. We try to rid ourselves of these phobias by using our intellect and reason, but they often bind us like thick chains. Jesus is the only one who can break these chains. God's Word says in 2 Cor. 3:17: **Now the Lord is the Spirit, and where the Spirit of the Lord is, there is liberty.**

Think of your fear of dogs! You may have been attacked by a dog during your childhood. You may not have been physically harmed during the dog's attack, but the horrifying experience could have left an impression in your mind which Satan uses many years down the line to produce in you an unreasonable fear of dogs. You may have had a terrible fear of water. Perhaps way back in your childhood you tried to retrieve a toy or some article which had fallen into a dam or river, and although you were unaware of the danger of your actions, your parent, standing nearby, suddenly screamed and shouted at you in an attempt to get your attention and prevent you from falling into the water. The fear of the water you now have is the memory of the fear that your parent instilled in your mind. Satan saw his chance, and through that impartation of the spirit of fear shown by your parent, he wasted no time at all in using that opening to put fear into your heart – an unnatural fear of water which you may still carry with you today. This is the strategy the devil uses to sow seeds of fear in our childhood. As these seeds grow our adult lives are seriously affected. If you have an abnormal fear or phobia, remember that it is a spirit. 2 Tim. 1:7 says: **"For God has not given us a spirit of fear, but of power and of love and of a sound mind."** Remember also that fear is the opposite of faith and is a sin! If you choose to trust God in all situations, you will not fear! The Holy Spirit will do the work of deliverance in your heart. You can trust your Heavenly Father to take away the fear and hurt by the working of His Holy Spirit as you give your fears and your past to Him. He will make all things new.

Satan wants those fears to control us, but

Jesus has given us victory over fear through His finished work on the cross of Calvary. If we trust Him in every situation, past, present and future. He will give us His peace.

Some people have a need for inner healing because of a hurtful background. You may have been born into a family where you were unwelcome and received without love. You may have been the "wrong" sex and have grown up engulfed by your parents' disappointment. You may have been one of a large family, and you were aware of your parents' struggle to see to the needs of yet another child. You may have known a home where strife and quarrelling was the order of the day. Maybe one of your parents was an alcoholic. You may have been continually blamed unfairly and criticised as a child and never given the chance to forget your faults. You may have known only a negative approach by one of your parents and had little positive or constructive input from him or her. Perhaps the hurt or stigma exists because someone continually insists that you are "just like" a particularly unpleasant member of the family. If your parents were divorced, your mother may have often remarked that you are going to be "just like" your father when you grow up and you know what she thinks of him. He was a disaster who left his family in the lurch. Perhaps you were teased continually in your youth about your size, appearance, poverty, skin colour or background. This kind of teasing is wrong and very painful to a child or even to an adult.

Some people have need for Inner Healing because of their past. Perhaps you made a mistake and now you are plagued by shame and dishonour. Some people are behind real prison bars, others are captive in the prisons of their own feelings. Both of these prisons are destructive. You may have caused deep sorrow and anguish to your marriage partner or parents. They may have passed on by now, and you are under condemnation because there is no way in which you can make it up to them or ask their forgiveness. Some people are in need of Inner Healing because of the places they have been. There are so many shocking thoughts which can make you sit up straight in bed at night. Perhaps the fear of financial lack gives you a sense of desperation and hopelessness. You may have lost a loved one through death or divorce and grief consumes you.

Before you asked Jesus into your life as your personal Saviour, your life was full of sin, corruption and uncertainty. But now you can be sure that your Heavenly Father has forgiven all your sins as you have confessed them to Him and repented of them! He says in Heb. 10:17: **"Their sins and their lawless deeds I will remember no more."** Again in 1 Joh. 1:9 we read: **"If we confess our sins, He is faithful and just to forgive us our sins and to cleanse us from all unrighteousness."** So you have been forgiven and now you need to forgive yourself and others who have wronged you. Let go of the past, knowing that you have a wonderful future as a child of the Living God. Remember that it is Satan who is the accuser of the brethren. He brings guilt and condemnation upon you. Read what God says in Joh. 3:17: **"For God did not send His Son into the world to condemn the world, but that the world through Him might be saved."** We need to ask our Heavenly Father for our inner healing and receive it by faith, then start thanking Him for it and for all His other blessings and mercy and the grace which He bestows on us everyday. A joyful and grateful heart always accelerates the healing He bestows upon us.

Our Heavenly Father desires to heal you! Psalm 147:3 promises: **"He heals the broken hearted and binds up their wounds."** Speak to your Heavenly Father in prayer and open your heart to Him. The Lord is waiting for an opportunity to heal all those past hurts and fears, grief and disappointments, whether they are old or have just occurred. He knows what we have need of long before we ask Him.(Matt 6: 8) He knows our hearts and He alone can heal and replace all our negative emotions with His peace, love and joy. We need to receive His healing by faith and resist the enemy's lies. Jesus said: **He has sent me to heal the brockenhearted, to preach deliverance to the captives and recovery of sight to the blind, to set at liberty those who are oppressed…… Luk. 4:18**

MY WILL, BUT THINE BE DONE

Your Will is Creator God's gift to you and is your very own. God will not exert His Will over yours neither does He allow your enemy, the devil to control your will. Each day your will and the choices you make using your will, direct your life and your eternal destiny. God does not choose for you. Your will chooses between good and evil, and if it is used to come in line with God's Will for you, it will bring forth a glorious harmony between your Creator and yourself. By choosing to bring your will in line with God's Will for your life, in every decision and

choice you make, you will know the fullness of God's plan for you and His awesome power, ability and strength working on your behalf from day to day.

1. Our emotions indicate how we are feeling, our mind tells us what we think and our will shows what we want! The will is that part of us which enables us to choose and God has not only provided us with a will, but has also given us the ability to choose. The will of man is his true self – his will reveals his character.
2. Our spiritual lives begin with a choice, because one chooses to submit to God's Will and pleasure. God's Will then become the aim and goal for your life instead of self will; and repentance is turning away from the "self -life" of sin and rebellion and turning to God through Jesus Christ. The spiritual life is more than just emotions and intellect; it involves your will coming into line with God's Will.
3. A spiritual embracing takes place when your will unites with God's Will. **Obedience** springs forth because **disobedience** is to follow your own will. Your heart becomes one with God's. **Rom. 13:14: But put on the Lord Jesus Christ, and make no provision for the flesh to fulfil its lusts.**
4. The will is our censor when it comes to dealing with past experiences and situations as the devil bombards our minds and emotions with things from our past. We can choose to listen to and react upon his lies or reject them. If you neglect to actively choose to withstand a specific thought which the devil is trying to bring to your mind for the purpose of destruction, you inadvertently allow his lie to do its dirty work in your life. It is your will which closes the door on him. You can choose not to dwell on that which he constantly tries to feed into your mind and which does not line up with the Word of God. Lies of rejection, self-pity, hate, bitterness etc. Every time you resist Satan, through a choice of your will, God will confirm your decision and you will grow stronger spiritually.

Deception is the greatest danger when it comes to our wills being bound. For example we read in 1 Thess. 5:18: **In everything give thanks."** This does **not** mean that everything that happens to us is God's Will. What it **does** mean is that regardless of my situation or circumstance, I will continue to praise and thank God for all the good things in my life: James 4:7 says: **Therefore submit to God. Resist the devil and he will flee from you. Draw near to God and He will draw near to you. Cleanse your hands, you sinners, and purify your hearts, you double minded.**

Another example is Matt. 6:10: **"Let Thy Will be done."** This does **not** mean that you have no choice because God's Will is going to take place in your life anyway. What it does mean is that you choose to do His Will. This is an active choice not a state of passivity. God's Will is never a replacement of your active will to choose.

Passivity and fatalism are both enemies of the believer and not scriptural. God cannot use you if you choose not to use your will and make a decision according to His Will for you. Very often lying spirits take advantage of this state of passivity and use it to their advantage. Inactivity of the will is identified by the inability to handle situations, half completed jobs, inability to concentrate or lead.

It is possible that you may have received and believed a lie regarding yourself or your circumstances and deception has crept in. A free will always acknowledges that it may be deceived, and wants to walk in the fullness of truth Establish how far you have allowed the enemy to gain ground in your life by the measure of the inactivity of your will. Your will must be activated and this is possible by reacting according to God's Will and building up your faith. Romans 10:17 tells us that: **So then faith comes by hearing, and hearing by the Word of God.** You need to know God's truth for every area of your life and the lives of your loved ones, and that can only be found in God's Word, the Bible. Begin by making decisions and sticking to them. Sometimes you may make a wrong decision, but accept the responsibility.

We are in spiritual warfare (according to James 4:7) so we must resist the evil one. You and I must take possession of our minds and not allow Satan any ground. Do not think for one moment that he will give up that easily and you may sometimes feel a little desperate under his renewed attacks – but be encouraged by the knowledge that these are usually his final attempts to get you to give up and give in. The victory is yours through the finished work of Jesus on Calvary. When your will is once again in control of your spirit, soul and body – you are truly free. Prov. 25:28, 2 Cor. 10:5, 1 Cor. 7:27. The enemy's strategy in the battle for your Will is passivity. God's command is action, "Exercise your will to be in line with God's Word and Will at all times", this is real action and absolutely imperative.

UIT ONS KANTOOR

Liewe familie in Jesus,
Ons wil een en almal van julle bemoedig om sterk en ferm en standvastig in die geloof te staan. Moenie weifel! Ek weet dat baie van julle op die oomblik deur beproewinge en rampspoede gaan en dit is die tyd om die Here met jou hele hart te vertrou en om Sy Woord oor jou situasie te verklaar. Jesus het vir Sy dissipels gesê in Matt. 21:21: **Voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het ('n standvastige staatmaak vertroue) en nie twyfel nie, sal julle nie alleen doen wat met die vyeboom gebeur het nie; maar al sê julle ook vir hierdie berg: Hef jou op en werp jou in die see — sal dit gebeur.**
Elkeen gaan deur seisoene wanneer die uitdagings van die lewe oorweldigend voel. Gedurende hierdie tye is dit maklik om versoek te word om te praat hoe sleg dinge is. Miskien ervaar jy nou 'n situasie wat onmoontlik lyk. Moenie ontmoedig raak en opgee nie, want God wil iets ontsagwekkend in jou lewe doen. In plaas van om met God te praat oor hoe groot jou probleme is, praat met jou probleme oor hoe groot jou God is. Wees sterk en begin om guns oor daardie situasie te spreek. Sê elke dag, "Vader, dankie dat U guns dit omdraai. Dankie dat U guns 'n weg maak selfs al kan ek nie 'n weg sien nie. Here dankie dat U guns buitengewone,verbasende, oorweldigende dinge doen." Wanneer jy jou geloof so vrystel, sal jy sien dat God optree en wonderlike dinge doen wat jy nooit tevore gesien gebeur het nie! Onthou, selfs al kan jy nie sien hoe dinge ooit kan uitwerk nie, God kan. Doen net jou deel en hou aan om met daardie berge in jou lewe te spreek. Verklaar guns oor daardie situasies en wees gereed om voorwaarts te beweeg in die oorwinning en seën wat God vir jou voorberei het! Amen en Amen! Ons bid elke oggend vir julle wanneer ons nagmaal gebruik, die Here sal in elke behoefte van jou voorsien en jou en jou familie beskerm. Onthou dat God jou liefhet en altyd net die beste vir jou wil hê. Ons wil hierdie geleentheid gebruik maak om julle almal te bedank vir julle wonderlike ondersteuning deur liefde, getuies, finansies en al die gebede wat ons in staat stel om die ware Goeie Nuus te verkondig in hierdie eindtye. Baie dankie dat julle ons arms omhoog hou.
Mag die Here u een en elk oorvloedig seën. Baie liefdegroete van ons almal by die Christelike Sentrum.

Meg en die Gebedspan

SKATKIS

Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou, kyk nie angtstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met My reddende regtehand. (Jes. 41:10)

Wat 'n pragtige belofte van die Here. Hier is geen "as" of "miskien" nie, maar 'n besliste "Ek sal!"
Wanneer ons Jesus as ons God erken en al ons probleme en bekommernisse aan Hom oorgee, sal Hy beslis intree en aan ons gee wat ons ookal nodig het om ons deur die moeilikhede te kry. Ons deel is eenvoudig net om Hom aan te roep en op Hom te steun, op Sy krag te leun.

Ons wys dat ons Hom vertrou wanneer ons dit doen en wanneer ons Hom vertrou, sien ons dat Hy optree. Wat jou situasie ookal is, slegte verhoudings, siekte, finansiele las, Sy belofte bly staan!! Hy sal ons voorsien met ons daaglikse brood van genade, vrede, geduld, volharding en wat ookal verder nodig is in Sy hande vol teerheid en liefde oor die stormwolke. Sy genade is meer as genoeg!

KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan faks of E-pos. Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens.

Ons E-pos adres is:
stangerchristiancentre@gmail.com

Ons Bankbesonderhede
Stanger Christian Sentrum,
Eerste Nasionale Bank, 53730091667,
Kode: 220129